Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Verwysing: 20171113-6883
12/12/1/7
Navrae: L Boniface

Omsendbrief: 0047/2017
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Adjunkdirekteure, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Hoofde: Kurrikulumkoördinering en -advies, Prinsipale en Voorsitters van Beheerliggame by gewone openbare skole

Kort opsomming: *Hierdie omsendbrief dien om alle skole in kennis te stel dat die Hoof van die Departement bepaal dat skoolgeboue en -gronde tydens 'n noodgeval of krisissituasie beskikbaar gestel word.*

Onderwerp: Gebruik van skoolgeboue en -gronde tydens 'n noodgeval of krisissituasie

1. Hierdie omsendbrief moet saamgelees word met Omsendbrief 0033/2016.

2. Behoudens Hoofstuk 3, artikel 20(1)(g) van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996), *moet die beheerliggaam van 'n openbare skool die geboue en gronde deur die skool beset, met inbegrip van koshuise, administreer en beheer, maar die uitvoering van hierdie bevoegdheid moet op geen manier met die implementering van 'n besluit wat die Lid van die Uitvoerende Raad of Departementshoof ingevolge enige reg of beleid geneem het, inmeng of dit andersins belemmer nie*.

3. Indien 'n noodgeval of krisissituasie ontstaan, sal die prinsipaal gekontak word om die voorbereiding en gebruik van die skoolgeboue en -gronde te fasiliteer. Prinsipale moet dus toesien dat hul kontakbesonderhede op SOBIS korrek is. Gaan na *General Information* by https://cemis.pgwc.gov.za en kontroleer u besonderhede.

4. Soos u weet, ervaar die Wes-Kaap 'n WATERKRISIS en ten spyte van verminderde waterverbruik in die provinsie, neem damvlakke vinnig af. Indien waterverspreiding noodsaaklik word, mag skole as verspreidingspunte gebruik word. Die beplanning vir hierdie proses sluit die 2017-vakansietydperk van die vierde kwartaal in.

5. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle personeel en beheerliggaamlede.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2017-11-30

Laer Parlementstraat, Kaapstad, 8001
Tel: +27 21 467 2000 Faks: +27 21 483 7658
Veilige Skole: 0800 45 46 47

Privaatsak X9114, Kaapstad, 8000
Indiensnemings- en salarisnavrae: 0861 92 33 22
www.westerncape.gov.za